

BEROEPENUUS— (11 Augustus 2013)**Beroepe ontvang**

Prop JFK Mulder na Amanzimtoti/Durban-kombinasie
Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Heidelberg

SUSTERS-

DV op Saterdag 17 Aug. 2013 om 14h00 kom spreek sr Xandra Boersema ons gemeente toe oor die bediening van die Here se Woord aan gevangenis in Suid-Afrika se tronke. Hier is 'n besondere geleentheid om daarby betrokke te raak. Verlede Sondag het u ook 'n bylaag by die Krugertjie gevind wat nog deur wyle dr. Alwyn Bezuidenhout hier rondom opgestel was. Almal in die gemeente word versoek om hierdie inisiatief deur ons susters aangepak te ondersteun. Ons sal graag mooier en beter meelewing wil beleef!!

FOTO-PROJEK—

U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

GEMEENTEKAMP—

Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak— 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U – JA Breytenbach- *Vervolg van verlede week*
Begrippe soos "geloof", "bekering", "wedergeboorte", "verbond", "doop", "kerk" en "kerkorde" word op hierdie manier verstaan. So praat ons by mekaar verby. As ons beswaardes wil help om tot 'n geloofskeuse te kom, moet ons die inhoud wat aan hierdie begrippe gegee word, probeer verstaan en sorgvuldig en geduldig met hulle dit deurpraat en 'n Skriftuurlike inhoud daaraan gee. Neem byvoorbeeld die woord "kerk". Wat word daarmee verstaan? Daar is mense wat vreemd dink oor die kerk, en vir hulleself laste oplê wat hulle met groot moeite dra, omdat hulle nie die eenvoud van die geloofstaal oor die kerk ken nie. Vir hulle is die belydenis dorre leer, hulle onderskei dit en reken dit ver verwyderd van die "lewende geloof in Jesus Christus". 'n Beskouing wat ons dikwels aantref, is dat die plaaslike kerke, gemeentes genoem word in die sin van onderdele van die "kerk", en dan sluit die woord "kerk" al die gemeentes en al die ringe of klassisse en al die streeksinodes in en ook die algemene sinodes en die moderatuur en die sinodale kommissies. *Word vervolg*

14/08— Lukas Huisman 0722449467	18/08— Petro Riphagen 0833761960
18/08— Adriaan Boersma 0828872272	18/08— Sonja van der Dussen 0824137309
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Moenie op paaie loop waar jy jou voetspore moet doodvee nie. Na al jou moeite staan jou vingerspore op die doodveeplekke —CJ Langenhoven

Baie geluk m met u verjaarsdag

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Job 16

Teks: Job 16:18-19

Sing: Ps. 9:1,7,8; Ps. 33:7; Ps. 22:8;

Ps. 46:5,6

GROND, MOET NIE MY BLOED TOEMAAK NIE!


Job roep dit uit- *o Aarde moet nie my bloed bedek nie...* hy wil onthou wees, die grond moet hom nie weg en vergete laat raak nie.

Die aarde kan gulsig en moorddadig voorkom, klonterig kan die mens se bloed aan die grond vasklou, wanneer is genoeg, genoeg?

Wanneer sal die aarde genoeg mensebloed gedrink het. Dit is vreeslike vraag, is dit 'n vraag wat ons kan antwoord?!

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort

11 Augustus 2013

**TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)**

Skriflesing: Jesaja 22:15-25;

Mattheus 16:13-20

Kategismus: Sondag 31

Sing: Ps.18:20; Ps. 81:9,12 Sb.43:1

(15-7:1)

SLEUTELS VAN DIE HEMELRYK

Wat is by name die sleutels waarvan die belydenis praat? Dit is die verkondiging van die Woord en die kerklike tug.

U hoor, twee sleutels, maar eintlik het hierdie sleutels net een sleutel waarvan hulle gemaak is en die sleutels is gemaak van die Woord van God.

Die Woord van God is die looper waarop albei sleutels moet pas. Met die Woord van God staan alles, daarby moet alles inval. Niks van die Woord van God kan wegeneem of daarby gevoeg word nie.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 5 en 6
Ouderlinge: Frik Eloff en Jan du Plessis
Diakens: Wynand Du Venage

Volgende Sondag— Wyke 7 en 8

Ouderlinge: Nico van der Dussen
Diakens: Gerhard Krüger

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Piet van der Kooi se gesondheid gaan heeltyd agteruit. Hulle het verskuif na Fleurenville, maar intussen is hy weer in Muelmed opgeneem. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegelê, in sy gesondheidstoestand. **Br Kallie Tromp** is vir toetse en behandeling in Steve Biko hospitaal. Ons vertrou dat daar vir hom spoedige uitkoms mag wees. **Br Jan Fanoy** moet DV op 20 Aug. 'n operasie ontvang om baie vroeë kwaadaardigheid te verwyder. Ons dink aan hom en gesin en bid dat die Here hom hierdeur sal dra. **Ds. Charles Zulu in Zambië se eggenote Roda** het laaste tyd baie las van haar gesondheid. Sy is weer geruime tyd in Lusaka vir behandeling. Ds. Charles moet ook vroeg in die maand vir mediese ondersoeke gaan. Ons dink ook aan hulle wat uit ons gemeente geroep is en daar vër moet arbei. **Br Lemmie v/d Linde**, van Upington het tye terugslae in sy gesondheid wat met asbestose verband hou. Ons vertrou dat die Here hom in sulke dae krag mag gee. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br en sr Adriaan en Elmé Boersma** wat Vrydag in die huwelik bevestig is. Mag julle 'n gelukkige en geseënde huwelikslewe ontvang.

ZAMBIË– VOERTUIG
Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband amper sy R80 000 kerf bereik. Ons poog om 'n verdere R50 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië. n Voertuig is dringend noodsaaklik. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.
<http://bit.ly/105wmGY>
As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	Zimbabwe (spes. Kollekte)	Teol biblioteek
2de diens	DVB	Instandhouding
18/08/2013 1ste diens	DVB	Emeritaat
2de diens	DVB	Instandhouding

Spes.-kollekte in die vooruitsig gestel
Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
15/08	Oudl-vergd
17/08	65+ Funksie Algemene sustersvergd
18/08	Voorbereiding
25/08	Nagmaal en Nabetrugting
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

BYBELVERTALING 80 JAAR GELEDE

Op 25 Aug. 2013 om 17:00 sal by die Senotaafsaaal (Voortrekkermonument) 'n feestelike wees vir die herdenking van die 80ste jaar van die eerste Afrikaanse Bybelvertaling. Die diens word gelei deur prof. Cas Vos en daar sal gepraat word oor dié Bybelse invloed op die kultuurlewe

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 5:8

5:8, rein van hart –

Waar die eerste saligsprekings praat oor wat God in mens doen. Nou: wat doen Hy deur ons ?

1. die reinheid van die hart

Nou klim die gedagtes nog verder as net barmhartigheid. God se eis om heiligheid bly altyd. Blinkende dade kan nie onreinheid van hart bedek nie. Eers moet mens na binne kyk “om deur die tralies van die eie vlees te speur” om in hulle self “'n poel van onreinheid, 'n moeras van sonde, 'n diepte van bederf” te ontdek.

Verkeerde middele teen die sonde: Sommiges probeer wêreld-ontvlugting . . . maar Christus sê dat ons in die wêreld waar ons leef, die lig moet laat skyn. Sommige ag hulle te gering om aan die Kerk te behoort, want daarna is die sonde nog maar daar. Hebr 12:14 leer immers dat niemand God sal sien sonder heiligmaking nie.

Is hierdie eis nie te onbereikbaar nie ? Eers in die sesde plek dring Jesus daarop aan. “Hier word die poort wat na die lewe lei, so vreeslik nou. Hierdie eis sluit aan by die tweede, die treur oor die ontdekking van die sonde.

Ons bely dat ons kinders ook in Christus geheilig is. Die wedergeboorte is 'n gawe van God wat nou in die heiligmaking ontwikkel moet word.

In die Ou Testament is wassing en reinigings bevel. Deur die hoëpriesters moes die volk tot aankouing kom, as hulle die Allerheiligste betree “waar die heerlijkheid van God in trillende vuurlik bokant die deksel van versoening gesetel het.” Dawid bid in Ps 51:12 om “'n rein hart en Asaf sê dat God goed is vir die wat rein van hart is.

Ps 24:3 vra ook op die trant: wie mag klim op die berg van die HERE, en antwoord dan dat dit die is wat rein van hande en suiwer van hart is. Dit is die mens wat nie vol geestelike besedoeling is nie. Hulle lewensdoel is gehoorsaamheid aan God se wil. Dit staan teenoor skynvroomheid, maar harte wat vol is van berekening en selfsug (BVA).

In Christus breek die tyd aan waarin gelowiges weet dat hulle gewas is in Sy bloed. Hy stuur die Gees van heiligmaking. Hy reinig deur die Woord (Joh 15:3; 17:17). Wie onreinheid liefhet, se gebede word verhinder (1 Petr 3:7). God gebruik

sels beproe-winge vir ons heiligmaking (Hebr 12:10). Voordie Wederkoms sal daar selfs nog die ergste vervolginge wees, wanneer die Dier “met oopgesperde bek die kerk aangryns, in die skroeihitte van die smeltkroes van beproewing sal die onreinheid uit die kerk uitgebrand word.” Die gemeente sal inwendig verheerlik saam met die Gees roep: “Kom, Here Jesus !”.

2. Sal God sien

God bewoon die ontoeganklike lig (1 Tim 6:16). Ons kan Hom nie sien en bly lewe nie (Ex 33:20). Hoe kan mens Hom dan sien ?

Daar is 'n geestelike sien. Ook 'n nie-sien, bv wanneer iemand in beproewing vra “Waar is God ?” Na stryd kan mense Hom dikwels weer “sien en vind” as jy Sy hand sien in die onderhouding van geskiedenis en die wêreld. As Henog en Abraham met God wandel, is dit saam met Een wat teenwoordig is. Dit moet alle gelowiges se lewens wees. Werklik godsdiensdig wees beteken gemeenskap met die lewende God. Ps 25:15 praat van die oë wat gedurig op die HERE is. So sien ons die Onsienlike.

God kan ook in die heerlijkheid aanskou word. Dit is nie iets onbepaalds nie. Die heerlijkheid van God het immers in die vuurkolom gestraal, en ook bo die Versoendeksel van die Ark. Stefanus sien in sy sterf-oomblikke Jesus aan die regterhand van God (Hand 8:55).

Ps 17:15 sing: “Ek sal U aangesig in geregtigheid aanskou; ek sal versadig word met U beeld as ek wakker word.” Ook Paulus praat daarvan in 2 Kor 3:18 – “Terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.” Ten slotte Openb 22:4 – “Sy diensknegte sal Sy aangesig sien.”

Ook nou reeds is dit ons deel, dat in geloofsaanskoue van Christus, die Vader gesien word (Joh 14:9). Die gelowiges sal in die saligheid ingaan. Sonder Jesus is die aanskoue nie moontlik nie. In Sy aangesig aanskou ons God (vgl 2 Kor 4:6; 1 Joh 3:2,3). “Christus is die Beeld van God wat na die skepsel toe gedraai is.” Joh 14:9 – “Wie Hom sien, het die Vader gesien.” Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukery; 2 Aug. 1778– Erasmus Smit geestelike leier van Voortrekkers gebore; 3 Aug. 1853– Eerste Alg Kerkverg op Potchefstroom; 3 Aug. 1863– Erasmus Smit oorlede ; 4 Aug. 1688– Derde skip met Franse Hugenote vertrek uit Nederland; 5 Aug. 1866– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; 8 Aug. 1881– Teruggawe van Transvaal deur England; 10 Aug. 1783– Geboortedag van Louis Trichardt; 13 Aug. 1901– Kmdt. Kalman Lion Cachet sneuwel; 18 Aug. 1665– Eerste vaste predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; 20 Aug. 1653– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. Johannes Backerus; 24 Aug. 1572– Barthomeusnag; 25 Aug. 1688– Aankoms van eerste Franse Hugenote, 27 Aug. 1933– Eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel in gebruik geneem; 28 Aug. 1887 Jopie Fourie gebore